Ons Vaderland 31.10.29

# Doek hulle Op!

Regerings is,—hoe paradoksaal dit ook mag klink,—baie selde instaat om as sodanig ook maar énigsins bevorderlik te wees aan 'n goeie boustyl, of aan goeie smaak in verband met die oprigting van grote goewermentswerke, waaraan hulle jaarliks tienduisende bestee. Eén man, Rhodes, is verantwoordelik gewees vir 'n rennaissance van die Kaapse boustyl, en vir die algemene waardéring daarvan wat ons vandag aanskou. Eén man, 'n bewonderaar van Rhodes.—nie van die Kaapse boustyl nie!—genl. Smuts, is verantwoordelik gewees vir Baker, Rhodes se boumeester, se werksaamheid in verband met die Unie-gebou. Toe die stadsraad van Pretoria dag dat hulle 'n halfmiljoen had om 'n stadsaal mee te bou, is hulle naar Engeland gegaan om 'n plan te kry! Toe ons huidige Regering besluit het om in Johannesburg 'n ordentlike stasie op te rig, moes daar geveg word vir die reg van ons eie boumeesters om hulle die planne te verskaf! Toe hulle die Reserwe-bank wou verplaas wis hulle weer geen beter raad as om mnr. Baker daarvoor uit Engeland te laat kom,—net soos genl. Smuts die argitekte van sy Durbanse graansuiger ook daarvandaan gehaal het,—dieselfde gevaarte wat daar sedert onder die welsand weggeraak het. Private argitekte het te Vereeniging en elders graansuigers neergeset wat ongeveer één-derde soveel kos as dié van die Regeringsdept. In die dae van die Republiek het die Regering tienduisende gespandeer aan openbare geboue, en daar is geen énkele wat nog staan, wat ook maar énigsins bokant die liederlik-banale Europeese rococo uitgaan nie.

Dit alles naar aanleiding van die behartenswaardige suggestie, wat mnr. Gerard Moerdyk,—een van onse vooraanstaande boumeesters in Suidafrika,—gister in 'n persgesprek met "Ons Vaderland" gedaan het, om namelik die hele Publieke Werke Dept. op te doek, en deur middel slegs van 'n kleine administratiewe personeel die regerings-werk te laat doen in oorleg met private boumeesters.

Daar word weleens van besuiniging gepraat, maar hier het die Regering nou die skoonste geleentheid om 'n ganse staatsdepartement, wat oorbodig is en sy bestaan nog nergens geregvérdig het nie, op te hef, en sy werk gedaan te kry deur manne wat hul tenminste nie gelege laat lê aan die oordeel van Londen insake die doelmatigheid van onse argitektuur nie. Die Regering is per slot die grootste bouer, en behoort van sy kant iets te doen om bevorderlik te wees aan die nasionale smaak,—tenminste seker nie struikelblokke aan die ontwikkeling daarvan in die weg te lê deur jaar-uit en jaar-in publieke geld te spandéer aan dinge wat ons mensheid nie daarin help nie.